22 November 2026

Oggenddiens

Sing: Ps. 148:1,2; Ps. 148:5; Ps. 65:3,5; Skr. 24:1,6; Ps. 100:1,2,3,4.

Lees: Mar. 8:10-21.

Teks: Mar. 8:18

Tema: Christus gee ons die teken van sy voorsiening dat ons op Hom sal vertrou.

Die soeke na 'n teken.

Christus het in sy prediking nie net woorde gebruik nie, maar ook wonders om die waarheid van die evangelie aan sy kinders te bedien. Die Fariseërs het egter meer tekens, veral uit die hemel, gesoek om te bevestig dat Hy wel die Messias is. Wanneer ons die voorreg het om die teken van die sy liggaam en bloed te gebruik in die Nagmaal kan ons weet dat dit genoegsaam is om ons geloof te versterk. Ons het geen ander tekens nodig nie.

Die waarskuwing teen verleiding.

Christus se prediking en wonder het verder ook gewaarsku teen die leer en die verkondiging van die Fariseërs en die Skrifgeleerdes. Die Fariseërs het suurdeeg wat eindelik die hele brood kan bederf. Hulle het Christus as Messias verwerp omdat Hy nie by hulle verwagtinge ingepas het nie en so het hulle die hele volk besoedel. Ons beleef baie verleiding in die wêreld vandag, maar ons kan seker wees dat die Here ons in die midde daarvan sal bewaar want Hy het sy reddende genade aan ons betoon.

Die herinnering aan sy werke

Dit wat die Here sy dissipels leer, moet hulle hoor en ter harte neem want Hy versterk en bemoedig hulle in die daaglikse lewens stryd waarin hulle staan. Ons word herinner aan die wonderbaarlike werke van ons ons Here aan die kruis. So is die nagmaal vir ons 'n herinnerings maal waaruit ons verseker kan word van die genade wat Hy aan ons betoon het daarvoor loof en prys ons Hom met blydskap.

Aanddiens

Sing: Ps. 75:1,2; Ps. 51:5; Ps. 119:9,10.

Lees: Joh. 16:5-15; NGB 11.

Teks: NGB 11

Tema: God die Heilige Gees gaan van die Vader en die Seun uit om ons in die volle waarheid te lei.

Die sending van die Gees.

Die Heilige Gees is die derde persoon van die Drie-Eenheid wat ons bely. Tog is daar oor die werking van die Heilige Gees in verskeie kerke diep verskille. Nadat Jesus die Nagmaal ingestel het waar Hy en sy dissipels in bovertrek saam was met die Pasga fees belowe Christus dat Hy die vader sal bis o 'n ander Trooster vir sy dissipels te stuur. Die Gees gaan van die Vader en die Seun uit en is dus waarlik God. Soos die Vader en die Seun het die Gees geen begin of einde nie. Die Gees is ook nou "God met ons."

Die werking van die Gees.

Ons Troos in hierdie lewe is dat ons na die Hemelvaart van Christus nie as wese agtergelaat is nie, maar dat ons kan weet Hy is met ons. Maar die Gees het 'n bepaalde werking in die midde van sy kerk. Hy kom om ons te oortuig van sonde geregtigheid en oordeel. Die Gees bring ons tot sondebesef aan die eenkant, maar Hy oortuig ons ook van die geregtigheid van die Vader. Christus het aan die geregtigheid van die Vader voldoen en die prys van ons sonde betaal. Eindelik oortuig die Gees ons ook dat die Vader die Satan en sy magte sal oordeel.

Die leiding van die Gees.

Die gees oortuig die wêreld van sonde geregtigheid en oordeel, maar vir die kerk van die Here gee die koms van die Gees groot vertroosting. Die Gees sal sy dissipels in die volle waarheid van die evangelie lei. Die Gees sal die dissipels so lei dat al is hulle vissermanne sal hulle na Pinksterdag verkondigers van die dood en die opstanding van Christus wees. Due Gees wys nie op sy werke nie, maar wys na waarheid wat alleen in Christus is, toe.